

EXTRAORDINARY



BUITENGEWONE

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 1064

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 10c PRYS
OVERSEAS 15c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 1064

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 42]

PRETORIA, 13 DECEMBER
13 DESEMBER 1968

[No. 2234

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES.

No. R. 2255 13 December 1968
SEEDS ACT, 1961 (ACT NO. 28 OF 1961).—NAMES OF VARIETIES INCLUDED IN THE VARIETAL LIST KEPT IN TERMS OF SECTION EIGHT OF THE SEEDS ACT

In terms of the provisions of section ten of the Seeds Act, 1961 (Act No. 28 of 1961), the varietal list published in Government Notice No. R. 271 of 25 February 1966, as amended by Government Notice No. R. 1473, dated 22 September 1967, is hereby further amended by including the names of the varieties which appear in the Schedule hereto in the varietal list kept in terms of section eight of the said Act.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE.

No. R. 2255 13 Desember 1968
WET OP SAAD, 1961 (WET NO. 28 VAN 1961).—NAME VAN VARIËTEITE OPGENEEM IN DIE VARIËTEITSLYS, IN STAND GEHOU INGEVOLGE ARTIKEL AGT VAN DIE WET

Ingevolge die bepalings van artikel tien van die Wet op Saad, 1961 (Wet No. 28 van 1961), word die variëteitslys gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. R. 271 van 25 Februarie 1966, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. R. 1473 van 22 September 1967, hierby verder gewysig deur die name van die variëteite wat in die Bylae hiervan verskyn in die variëteitslys, in stand gehou ingevolge artikel agt van die Wet, in te voeg.

SCHEDULE/BYLAE

(C) FIELD CROPS/AKKERBOUGEWASSE

Kind/Soort	Variety names/Variëteitsname	Synonyms/Synonieme
36. <i>Glycine max.</i> (L) Merr. (Soybean/Sojaboon).....	SSS3.....	—
43. <i>Sorghum</i> species/species (Group Grain sorghums/Groep Graan sorghums)...	(1) Hybrids/Basters: Bravis..... Excel 505..... Grainmaster..... Lindsey 555..... Noordvaal..... Pioneer 848..... Pioneer 885..... TE 77.....	— — — — — — — —
44. <i>Zea mays L.</i> (Maize/Mielie).....	(a) Group Dents and Flints/Groep Duikpit en Rondepit: White-seeded/Witsadig— (1) Hybrids/Basters: A251W..... A291W..... DS 15..... DS 19..... DS 23..... DS 63..... Double Wonder..... Pioneer 55..... SABI PP × K64r.....	— — — — — — — — — —

<i>Kind/Soort</i>	<i>Variety names/Variëteitsname</i>	<i>Synonyms/Synonieme</i>
SA 1.....	—	—
SA 21.....	—	—
SA 51.....	—	—
SSPP x K64r.....	—	—
Yellow-seeded/Geelsadig—		
(1) Hybrids/Basters:		
A 190.....	—	—
Pioneer 28.....	—	—
Pioneer 82.....	—	—
S.A. 6.....	—	—
SA 102.....	—	—
SSM 40.....	—	—
SSM 42.....	—	—
SSM 44.....	—	—

(D) VEGETABLES/GROENTEGEWEASSE

49. *Brassica oleracea* L. var. *botrytis* (Cauliflower/Blomkool)..... Boomerang..... —

No. R. 2252

13 December 1968

**ANIMAL DISEASES AND PARASITES ACT, 1956
(ACT NO. 13 OF 1956).—REGULATIONS TO PREVENT THE OCCURRENCE OR SPREAD OF BRUCELLOSIS IN THE REPUBLIC**

Under the powers vested in him by section 27 of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956), the Minister of Agriculture has promulgated the regulations as set out in the Schedule hereto in order to prevent the occurrence or spread of Brucellosis in the Republic.

SCHEDULE

1. In these regulations the expression "the Act" means the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956), and unless the context indicates otherwise, any expression to which a meaning is assigned in the Act shall, in these regulations have the meaning thus assigned to it.

2. Every owner of cattle shall—

(a) have all heifers between the ages of three and 10 months vaccinated against Brucellosis with a vaccine approved by the Director and at a place and a time determined by a State Veterinarian; or

(b) present proof that all heifers between the ages of three and 10 months have been vaccinated with a vaccine approved by the Director.

3. An officer may mark an animal vaccinated in terms of regulation 2 (a) hereof, with an ear-mark approved by the Director.

4. No person shall vaccinate any cattle over the age of 10 months against Brucellosis except with the written approval of a State Veterinarian.

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 2267

13 December 1968

REGULATIONS FOR THE LICENSING OF PREMISES.—AMENDMENT TO GOVERNMENT NOTICE NO. R. 920, DATED 25 JUNE 1965

In terms of section 38 (8) (b) of the Bantu (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, on behalf of the

2

No. R. 2252

13 Desember 1968

**DIE WET OP DIERESIEKTES EN -PARASIETE, 1956
(WET NO. 13 VAN 1956).—REGULASIES OM DIE VOORKOMS OF VERSPREIDING VAN BRUSELSE IN DIE REPUBLIEK TE VOORKOM**

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 27 van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet No. 13 van 1956), die regulasies soos in die Bylae hierby uiteengesit, uitgevaardig ten einde die voorkoms of verspreiding van Brusellose in die Republiek te voorkom.

BYLAE

1. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking „die Wet“ die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet No. 13 van 1956), en het, tensy uit die samehang anders blyk, alle uitdrukings waaraan in die Wet 'n betekenis gegee is, in hierdie regulasies die betekenis wat aldus daaraan gegee is.

2. Elke eienaar van beeste moet—

(a) alle verse tussen die ouderdomme van drie en 10 maande teen Brusellose laat inent met 'n entstof goedgekeur deur die Direkteur en op sodanige plek en tyd soos deur 'n Staatsveearts bepaal; of

(b) bewys lewer dat alle verse tussen die ouderdomme van drie en 10 maande ingeënt is met 'n entstof goedgekeur deur die Direkteur.

3. Indien 'n dier ooreenkomsdig regulasie 2 (a) ingeënt is, kan 'n beampete sodanige dier merk met 'n oormerk wat deur die Direkteur goedgekeur is.

4. Niemand mag enige bees bo die ouderdom van 10 maande teen Brusellose inent nie behalwe met die skriflike goedkeuring van 'n Staatsveearts.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 2267

13 Desember 1968

REGULASIES VIR DIE LISENSIËRING VAN PERSELE.—WYSIGING VAN GOEWERMENTS-KENNISGEWING NO. R. 920 VAN 25 JUNIE 1965

Ingevolge artikel 38 (8) (b) van die Bantoe (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), wysig ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, namens die Minister

Minister of Bantu Administration and Development, after reference to the Administrator concerned and at the request of the urban local authority concerned, amend Government Notice No. R. 920, dated 25 June 1965, as set out in the accompanying Schedule, with effect from the date of publication hereof.

P. G. J. KOORNHOF,
Deputy Minister of Bantu Administration
and Education.

SCHEDULE

Government Notice No. R. 920, dated 25 June 1965, is hereby amended as follows:—

By addition of the name of the following local authority to the Schedule:—

Natal.—Shelly Beach Town Board.

No. R. 2291 13 December 1968
BANTU SERVICES LEVY ACT, 1952 (ACT NO. 64 OF 1952).—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. R. 2042, DATED 11 DECEMBER 1964.—EXEMPTION FROM PAYMENT OF CONTRIBUTIONS

I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Deputy Minister of Bantu Administration and Education, hereby amend, on behalf of the Minister of Bantu Administration and Development under and by virtue of the powers vested in him by section 3 (3) of the Bantu Services Levy Act, 1952 (Act No. 64 of 1952), Government Notice No. R. 2042, dated 11 December 1964, by the addition after paragraph (b) (v) of the following:—

“(vi) Mabopane Township, District of Pretoria, Transvaal, as defined in the Schedule to Government Notice No. 337, dated 8 March 1968.”

P. G. J. KOORNHOF,
Deputy Minister of Bantu Administration
and Education.

(File A6/1547.)

DEPARTMENT OF BANTU EDUCATION.

No. R. 2258 13 December 1968
AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING THE TERM OF OFFICE OF MEMBERS OF A COUNCIL OF A UNIVERSITY COLLEGE FOR BANTU PERSONS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 36 (1) of the Extension of University Education Act, 1959 (Act No. 45 of 1959), and section 35 (1) of the University College of Fort Hare Transfer Act, 1959 (Act No. 64 of 1959), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice No. R. 218, dated 15 February 1963, as follows:—

By the addition at the end of regulation 2 of Part VI of the following new subregulation:—

“(4) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the Minister may at his discretion extend the term of office of members of a council.”

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip No. 11.]

van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, na voorlegging aan die betrokke Administrateur en op versoek van die betrokke stedelike plaaslike bestuur, Goewermentskennisgewing No. R. 920 van 25 Junie 1965, soos in bygaande Bylae uiteengesit, met ingang van die datum van afkondiging hiervan.

P. G. J. KOORNHOF,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie
en -onderwys.

BYLAE

Goewermentskennisgewing No. R. 920 van 25 Junie 1965 word hierby as volg gewysig:—

Deur toevoeging van die volgende plaaslike bestuur se naam aan die Bylae:—

Natal.—Dorpsbestuur van Shellystrand.

No. R. 2291 13 Desember 1968
WET OP HEFFINGS VIR BANTOEDIENSTE, 1952 (WET NO. 64 VAN 1952).—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R. 2042 VAN 11 DESEMBER 1964.—VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN BYDRAES

Ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Adjunk-minister van Bantoe-administrasie en -onderwys, wysig hierby namens die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleent by artikel 3 (3) van die Wet op Heffings vir Bantoedienste, 1952 (Wet No. 64 van 1952), Goewermentskennisgewing No. R. 2042 van 11 Desember 1964, deur na paragraaf (b) (v) die volgende by te voeg:—

„(vi) die dorp Mabopane, distrik Pretoria, Transvaal, soos omskryf in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 337 van 8 Maart 1968.”

P. G. J. KOORNHOF,
Adjunk-minister van Bantoe-administrasie
en -onderwys.

(Leer A6/1547.)

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ONDERWYS.

No. R. 2258 13 Desember 1968
WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE DIE AMPSTERMYN VAN LEDE VAN 'N RAAD VAN 'N UNIVERSITEITSKOLLEGE VIR BANTOE-PERSONE

Kragtens die bevoegdheid my verleent by artikel 36 (1) van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959), en artikel 35 (1) van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare, 1959 (Wet No. 64 van 1959), wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-onderwys hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. R. 218 van 15 Februarie 1963, soos volg:—

Deur aan die end van regulasie 2 van Deel VI die volgende nuwe subregulasie by te voeg:—

„(4) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan die Minister die ampstermyn van lede van 'n raad na goedgunne verleng.”

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokie No. 11.]

No. R. 2259

13 December 1968

AMENDMENT OF THE REGULATIONS IN TERMS OF THE EXTENSION OF UNIVERSITY EDUCATION ACT, 1959, AND THE UNIVERSITY COLLEGE OF FORT HARE TRANSFER ACT, 1959

Under and by virtue of the powers vested in me by section 36 (1) of the Extension of University Education Act, 1959 (Act No. 45 of 1959), and section 35 (1) of the University College of Fort Hare Transfer Act, 1959 (Act No. 64 of 1959), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice No. R. 311, dated 4 March 1960, as follows:—

By the addition at the end of regulation 2 of the following new subregulation:—

“(4) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), the Minister may at his discretion extend the term of office of members of the advisory council.”.

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip No. 12.]

No. R. 2260

13 December 1968

AMENDMENT OF THE REGULATIONS REGARDING SCHOOL COMMITTEES, COMMITTEE BOARDS AND SCHOOL BOARDS FOR BANTU COMMUNITY SCHOOLS

Under and by virtue of the powers vested in me by section 15 (1) of the Bantu Education Act, 1953 (Act No. 47 of 1953), as amended, I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Education, hereby amend the regulations published under Government Notice No. R. 429, dated 18 March 1966, as amended, as follows:—

1. By the deletion of regulation 15 (1) (d) and by numbering the existing regulation 15 (1) (e) to read 15 (1) (d).

2. By the deletion of regulation 31 (1) (d) and by numbering the existing regulation 31 (1) (e) to read 31 (1) (d).

3. By the substitution for regulation 39 of the following regulation:—

“39. Notwithstanding the provisions of regulation 37, any member of any school board may remain a member until the date on which his term of office expires, irrespective of whether he has at any time lost his membership of a school committee prior to the said date as a result of the reconstitution of such school committee.”.

4. By the deletion of regulation 51 (1) (d) and by numbering the existing regulation 51 (1) (e) to read 51 (1) (d).

M. C. BOTHA,
Minister of Bantu Education.

Amendment Slip No. 35.]

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 2275

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 1 (No. 1/183)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2259

13 Desember 1968

WYSIGING VAN DIE REGULASIES INGEVOLGE DIE WET OP UITBREIDING VAN UNIVERSITEITSOPLEIDING, 1959, EN DIE WET OP OORDRAG VAN DIE UNIVERSITEITSKOLLEGE FORT HARE, 1959

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 36 (1) van die Wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding, 1959 (Wet No. 45 van 1959), en artikel 35 (1) van die Wet op Oordrag van die Universiteitskollege Fort Hare, 1959 (Wet No. 64 van 1959), wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-onderwys, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgiving No. R. 311 van 4 Maart 1960 soos volg:—

Deur aan die end van regulasie 2 die volgende nuwe subregulasie by te voeg:—

„(4) Ondanks die bepalings van subregulasie (1), kan die Minister die ampstermy van lede van die adviserende raad na goeddunke verleng.”.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokke No. 12.]

No. R. 2260

13 Desember 1968

WYSIGING VAN DIE REGULASIES BETREFFENDE SKOOLKOMITEES, KOMITEERADE EN SKOOLRAADE VIR BANTOEGEREEMEENSKAPSKOLE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 15 (1) van die Wet op Bantoe-onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953), soos gewysig, wysig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-onderwys, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgiving No. R. 429 van 18 Maart 1966, soos gewysig, soos volg:—

1. Deur regulasie 15 (1) (d) te skrap en die bestaande regulasie 15 (1) (e) as 15 (1) (d) te nommer.

2. Deur regulasie 31 (1) (d) te skrap en die bestaande regulasie 31 (1) (e) as 31 (1) (d) te nommer.

3. Deur regulasie 39 deur die volgende regulasie te vervang:—

„39. Ondanks die bepalings van regulasie 37, kan 'n lid van 'n skoolraad aanbly as lid tot die datum waarop sy ampstermy verstryk, afgesien daarvan of hy te eniger tyd voor genoemde datum sy lidmaatskap van 'n skoolkomitee verloor het as gevolg van die hersamesetting van sodanige skoolkomitee.”.

4. Deur regulasie 51 (1) (d) te skrap en die bestaande regulasie 51 (1) (e) as 51 (1) (d) te nommer.

M. C. BOTHA,
Minister van Bantoe-onderwys.

Wysigingstrokke No. 35.]

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 2275

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 1 (No. 1/183)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III	IV	V
		Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
39.07	By the substitution in subheading No. 39.07.30 for the rate of duty in Columns III, IV and V of the following:	"23%		20% (U.K.)"
40.10	By the substitution in subheading No. 40.10.20.10 for the rate of duty in Columns III, IV and V of the following: By the substitution in subheading No. 40.10.20.20 for the rate of duty in Columns III, IV and V of the following:	"25%" "25%"		20% (U.K.)" 22% (U.K.)"
59.16	By the substitution in subheading No. 59.16.20.10 for the rate of duty in Columns III and V of the following: By the substitution in subheading No. 59.16.20.20 for the rate of duty in Columns III, IV and V of the following:	"25%" "23%"		20% (U.K.)" 20% (U.K.)"

NOTES.—

- (1) The duty on industrial conveyor belts of artificial plastic material is increased from 5% (General), 3% (M.F.N.) and free (Preferential) to 23% (General) and 20% (Preferential).
- (2) The duty on conveyor or elevator belts or belting, of rubber, for industrial purposes, is amended to the extent indicated.
- (3) The duty on conveyor or elevator belts or belting, of textile material, for industrial purposes, is increased to the extent indicated.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III	IV	V
		Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
39.07	Deur in subpos No. 39.07.30 die skaal van reg in Kolomme III, IV en V deur die volgende te vervang:	,23%		20% (V.K.)"
40.10	Deur in subpos No. 40.10.20.10 die skaal van reg in Kolomme III, IV en V deur die volgende te vervang: Deur in subpos No. 40.10.20.20, die skaal van reg in Kolomme III, IV en V deur die volgende te vervang:	,25%		20% (V.K.)" 22% (V.K.)"
59.16	Deur in subpos No. 59.16.20.10 die skaal van reg in Kolomme III en V deur die volgende te vervang: Deur in subpos No. 59.16.20.20 die skaal van reg in Kolomme III, IV en V deur die volgende te vervang:	,25%		20% (V.K.)" 20% (V.K.)"

OPMERKINGS.—

- (1) Die reg op industriële vervoerbande van kunstplastiekstof word van 5% (Algemeen), 3% (M.B.N.) en vry (Voorkeur) na 23% (Algemeen) en 20% (Voorkeur) verhoog.
- (2) Die reg op vervoer- of hysbande of -bandmateriaal, van rubber, vir industriële doeleindes, word gewysig in die mate aangetoon.
- (3) Die reg op vervoer- of hysbande of -bandmateriaal, van tekstielstof, vir industriële doeleindes, word verhoog in die mate aangetoon.

No. R. 2276

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 1 (No. 1/184)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2276

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 1 (No. 1/184)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
87.06 By the insertion after subheading No. 87.06.60.10 of the following: “.15 Brake drum brake assemblies (excluding those identifiable for use solely or principally with tractors other than road tractors)	lb.	20% or 10c per lb.”		

NOTE.—The duty on brake drum brake assemblies (excluding those identifiable for use solely or principally with tractors other than road tractors) is amended from 20% to 20% or 10c per lb.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
87.06 Deur na subpos No. 87.06.60.10 die volgende in te voeg: „.15 Remtrommelremsamestellings (uitgesonderd dié uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met trekkers wat nie padtrekkers is nie)	lb.	20% of 10c per lb.”		

OPMERKING.—Die reg op remtrommelremsamestellings (uitgesonderd dié uitkenbaar as vir gebruik slegs of hoofsaaklik met trekkers wat nie padtrekkers is nie) word gewysig van 20% na 20% of 10c per lb.

No. R. 2277

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 3 (No. 3/164)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2277

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 3 (No. 3/164)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.01	<p>By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 27.10 of the following:</p> <p>"(4) Technical white oil, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>By the insertion after tariff heading No. 27.10 of the following:</p> <p>"28.14 Phosphorus trichloride, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>By the insertion after tariff heading No. 28.47 of the following:</p> <p>"28.54 Hydrogen peroxide, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 29.04 of the following:</p> <p>"(4) T-butyl alcohol, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>By the insertion after tariff heading No. 29.06 of the following:</p> <p>"29.13 Cyclohexanone, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 29.14 of the following:</p> <p>"(4) Monocarboxylic acid, for the manufacture of organic peroxides</p> <p>(5) Benzoyl chloride, for the manufacture of organic peroxides.</p> <p>By the insertion after tariff heading No. 29.35 of the following:</p> <p>"29.36 P-toluenesulphonylmethylurethane, for the manufacture of tolbutamide powder</p>	<p>Full duty"</p>
308.01	<p>By the substitution for tariff heading No. 32.09 of the following:</p> <p>"32.09 (1) Water pigments of a kind used for finishing leather; pigments in linseed oil or other paint or enamel media</p> <p>(2) Leather finishing solutions containing plasticised polyvinyl chloride in organic solvents, whether or not containing pigments suitable for tinting purposes</p>	<p>Full duty</p> <p>Full duty"</p>

NOTES.—

- (1) Provision is made for a rebate of the full duty on certain raw materials, for the manufacture of organic peroxides.
- (2) Provision is made for a rebate of the full duty on p-toluenesulphonylmethylurethane, for the manufacture of tolbutamide powder.
- (3) Provision is made for a rebate of the full duty on leather finishing solutions containing plasticised polyvinyl chloride in organic solvents, whether or not containing pigments suitable for tinting purposes, for use in the leather tanning and finishing industry.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.01	<p>Deur na paragraaf (3) van tariefpos No. 27.10 die volgende in te voeg:</p> <p>„(4) Tegniese witolie, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>Deur na tariefpos No. 27.10 die volgende in te voeg:</p> <p>„28.14 Fosfortrichloried, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>Deur na tariefpos No. 28.47 die volgende in te voeg:</p> <p>„28.54 Waterstofperoksied, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>Deur na paragraaf (3) van tariefpos No. 29.04 die volgende in te voeg:</p> <p>„(4) T-butielalkohol, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>Deur na tariefpos No. 29.06 die volgende in te voeg:</p> <p>„29.13 Sikloheksanoon, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>Deur na paragraaf (3) van tariefpos No. 29.14 die volgende in te voeg:</p> <p>„(4) Monokarboksilsuur, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p> <p>(5) Bensoielchloried, vir die vervaardiging van organiese peroksiede</p>	<p>Volle reg"</p>

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
308.01	Deur na tariefpos No. 29.35 die volgende in te voeg: „29.36 P-tolueensulfonielmetieluretaan, vir die vervaardiging van tolbutamiedpoeier	Volle reg”
	Deur tariefpos No. 32.09 deur die volgende te vervang: „32.09 (1) Waterverpigmente van 'n soort gebruik by die aferwering van leer; pigmente in lynolie of ander verf- of emaljemedia (2) Leerafwerkingsplossings wat geplastiseerde polivinylchloried in organiese oplosmiddels bevat, het sy dit pigmente geskik vir kleuring bevat al dan nie	Volle reg Volle reg”

OPMERKINGS.—

- (1) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op sekere grondstowwe, vir die vervaardiging van organiese peroksiede.
 (2) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op p-tolueensulfonielmetieluretaan, vir die vervaardiging van tolbutamiedpoeier.
 (3) Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op leerafwerkingsplossings wat geplastiseerde polivinylchloried in organiese oplosmiddels bevat, het sy dit pigmente geskik vir kleuring bevat al dan nie, vir gebruik in die leerlooi en -afwerkingsnywerheid.

No. R. 2278

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 3 (No. 3/165)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2278

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 3 (No. 3/165)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylæ No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylæ hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
308.02	By the substitution for the heading of item 308.02 of the following: “Industry: Harness, Saddlery, Travel Goods and Similar Goods (including Belts)”	
311.25	By the substitution for the heading of item 311.25 of the following: “Industry: Foundation Garments and Elasticised Apparel; Belts whether or not elasticised”	

N.B.—The headings of the items are amended to include belts.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
308.02	Deur die opskrif van item 308.02 deur die volgende te vervang: „Nywerheid: Tulemakersware, Saalmakersware, Reisartikels en Dergelike Goedere (met inbegrip van lyfbande)“.	
311.25	Deur die opskrif van item 311.25 deur die volgende te vervang: „Nywerheid: Vormdrag en Geëlastiseerde Kleding; Lyfbande het sy Geëlastiseerde al dan nie“	

OPMERKING.—Die opskrifte van die items word gewysig om lyfbande in te sluit.

No. R. 2279

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 3 (No. 3/166)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2279

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 3 (No. 3/166)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylæ No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylæ hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
310.07	By the substitution for tariff heading No. 39.02 of the following: " 39.02 Polyvinyl chloride film of a thickness not exceeding 0·005 in., not pressure-sensitive, for the manufacture of pressure-sensitive labels, tickets and tape	Full duty "

NOTE.—The provision is amended to make it clear that pressure-sensitive polyvinyl chloride film of a thickness not exceeding 0·005 in. is not admissible under rebate of duty for the manufacture of pressure-sensitive labels, tickets and tape.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
310.07	Deur tariefpos No. 39.02 deur die volgende te vervang: " 39.02 Polivinielchloriedfilm met 'n dikte van hoogstens 0·005 dm., nie drukgevoelig nie, vir die vervaardiging van drukgevoelige etikette, kaartjies en band	Volle reg "

OPMERKING.—Die voorsiening word gewysig om dit duidelik te stel dat drukgevoelige polivinielchloriedfilm met 'n dikte van hoogstens 0·005 dm. nie met korting op reg toelaatbaar is vir die vervaardiging van drukgevoelige etikette, kaartjies en band nie.

No. R. 2280

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 3 (No. 3/167)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2280

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 3 (No. 3/167)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylæ No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylæ hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
317.03	By the insertion in paragraph (I) after paragraph (5) of tariff heading No. 87.06 of the following: " (6) Brake drum brake assemblies and parts thereof, for motor cars	Full duty less the greater of 20% or 10c per lb."

NOTE.—The provision for a rebate of duty on brake drum brake assemblies and parts thereof, for motor cars, is withdrawn.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
317.03	Deur in paragraaf (I) na paragraaf (5) van tariefpos No. 87.06 die volgende te voeg: „(6) Remtrommelremsamestellings en onderdele daarvan, vir motorkarre	Volle reg min die hoogste van 20% of 10c per lb.”

OPMERKING.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op remtrommelremsamestellings en onderdele daarvan, vir motorkarre, word ingetrek.

No. R. 2303 13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE No. 3 (No. 3/168)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHС,
Minister of Finance.

No. R. 2303

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE No. 3 (No. 3/168)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHС,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
317.03	<p>By the substitution for Note 07.00 of the following:</p> <p>“ 07.00 Subject to the provisions of Note 05.00 or any manufacturing programme approved thereunder or any condition imposed thereunder, components (including materials) provided for in paragraph (I) of this item shall not be entered or be admissible under any other paragraph of this item unless such component is incorporated in a sub-assembly which, in terms of the provisions of the notes to this item, is imported in an assembled condition without thereby becoming subject to a higher unrebated duty and such component is so located in such sub-assembly that, in the opinion of the Secretary, omission of such component from the sub-assembly by the supplier would be impracticable or incorporation of such component in such sub-assembly by the registrant would involve an extensive process. Components provided for in paragraph (I) of this item shall not be subject to the regulations relating to the importation and use of goods under rebate of duty except to such extent as the Secretary considers necessary.”</p> <p>By the insertion in paragraph (I) after tariff heading No. 76.16 of the following:</p> <p>“ 84.06 Pistons, gudgeon pins, cast iron piston rings, cast iron cylinder liners and sleeves and finished inlet and exhaust valves, except for motor vehicles of a gross vehicle weight of less than 22,400 lb. for the transport of goods or materials not being any motor vehicle specified in paragraph (III) of this item</p> <p>By the insertion in paragraph (I) after tariff heading No. 84.59 of the following:</p> <p>“ 84.64 Gaskets, whether or not in sets, except for motor vehicles of a gross vehicle weight of less than 22,400 lb. for the transport of goods or materials not being any motor vehicle specified in paragraph (III) of this item</p>	
		Full duty less 20% ”
		Full duty less 20% ”

NOTE.—Note 07.00 is amended to define the intention of the provisions of paragraph (I) of item 317.03 more clearly and the provision for a rebate of duty on pistons, gudgeon pins, cast iron piston rings, cast iron cylinder liners and sleeves, finished inlet and exhaust valves and gaskets, for the manufacture of certain motor vehicles, is withdrawn.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
317.03	<p>Deur Opmerking 07.00 deur die volgende te vervang:</p> <p>„ 07.00 Behoudens die bepalings van Opmerking 05.00 of enige vervaardigingsprogram daarkragtens goedgekeur of enige voorwaarde daarkragtens gestel, word komponente (met inbegrip van materiale) waarvoor in paragraaf (I) van hierdie item voorsiening gemaak word, nie onder enige ander paragraaf van hierdie item geklaar of toegelaat nie tensy sodanige komponent in 'n submontasie geïnkorporeer is wat ingevolge die bepalings van die opmerkings by hierdie item in 'n gemonteerde toestand ingevoer word sonder om daardeur aan 'n hoër ongekorte reg onderhewig te word en, so geleë is in sodanige submontasie dat, na die mening van die Sekretaris, weglatting van sodanige komponent uit die submontasie deur die leweransier ondoenlik sou wees of inkorporering van sodanige komponent in die submontasie deur die geregistreerde 'n omvangryke proses sou meebring. Komponente waarvoor in paragraaf (I) van hierdie item voorsiening gemaak word, is nie aan die regulasies met betrekking tot die invoer en gebruik van goedere met korting op reg onderhewig nie, behalwe in die mate wat die Sekretaris nodig ag.”</p> <p>Deur in paragraaf (I) na tariefpos No. 76.16 die volgende in te voeg:</p> <p>„ 84.06 Suiers, suierpenné, gegote ystersuierringe, gegote yster-silindervoerings en -hulse en afgewerkte in- en uitlaatkleppe, behalwe vir motorvoertuie met 'n bruto voertuiggewig van minder as 22,400 lb., vir die vervoer van goedere of materiale, maar nie enige motorvoertuig in paragraaf (III) van hierdie item vermeld nie</p> <p>Deur in paragraaf (I) na tariefpos No. 84.59 die volgende in te voeg:</p> <p>„ 84.64 Pakstukke, hetsy in stelle al dan nie, behalwe vir motorvoertuie met 'n bruto voertuiggewig van minder as 22,400 lb., vir die vervoer van goedere of materiale, maar nie enige motorvoertuig in paragraaf (III) van hierdie item vermeld nie</p>	Volle reg min 20%”

OPMERKING.—Opmerking 07.00 word gewysig om die bedoeling van die voorsienings in paragraaf (I) van item 317.03 duideliker te omskryf en die voorsiening vir 'n korting op reg op suiers, suierpenné, gegote ystersuierringe, gegote yster-silindervoerings en -hulse, afgewerkte in- en uitlaatkleppe en pakstukke, vir die vervaardiging van sekere motorvoertuie, word ingetrek.

No. R. 2281

13 December 1968

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT
OF SCHEDULE No. 5 (No. 5/35)

I, Nicolaas Diederichs, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 5 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

No. R. 2281

13 Desember 1968

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING
VAN BYLAE No. 5 (No. 5/35)

Ek, Nicolaas Diederichs, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 5 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	Extent of Drawback
511.03	<p>By the insertion before tariff heading No. 60.01 of the following:</p> <p>“ 51.04 Woven fabrics of cellulosic fibres (continuous), used in the manufacture of impregnated or coated textile fabrics</p> <p>56.07 Woven fabrics of cellulosic fibres (discontinuous), used in the manufacture of impregnated or coated textile fabrics</p>	<p>Full duty</p> <p>Full duty ”</p>

NOTE.—Provision is made for a drawback of the full duty on woven fabrics of cellulosic fibres (continuous or discontinuous), used in the manufacture of impregnated or coated textile fabrics which are exported from the Republic.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Teruggawe
511.03	Deur voor tariefpos No. 60.01 die volgende in te voeg: ,, 51.04 Weefstowwe van sellulosiese vesels (kontinu), gebruik by die vervaardiging van geimpregneerde of bestrykte tekstielstowwe 56.07 Weefstowwe van sellulosiese vesels (diskontinu), gebruik by die vervaardiging van geimpregneerde of bestrykte tekstielstowwe	Volle reg
		Volle reg "

OPMERKING.—Voorsiening word gemaak vir 'n teruggawe van die volle reg op weefstowwe van sellulosiese vesels (kontinu of diskontinu), gebruik by die vervaardiging van geimpregneerde of bestrykte tekstielstowwe wat uit die Republiek uitgevoer word.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 2254 13 December 1968
DRUGS CONTROL ACT, 1965, AS AMENDED
REGISTRATION OF DRUGS

